Naam

## AFDELING A: KYK EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande leesstuk deeglik deur en beantwoord die onderstaande vrae.

1 Vriende kan jy kies, maar nie familie nie. Besef ons aldag hoe belangrik hierdie sinnetjie werklik is? Die mag lê weggesluit in 'n paar woorde. Woorde wat 'n mens twee keer laat dink oor dinge. Saam met vriende stap keuses ook op ons wandelpad.

2 Ons kom elke dag in situasies waar keuses gemaak en besluite geneem moet word. Die keuse wat jy uitoefen, kan ten goede of ten kwade wees, vir jou persoonlik tot voordeel of vir die ander persoon tot nadeel. Vriende speel 'n belangrike rol in ons lewens. Hulle kan jou aanvul, maar so ook terselfdertyd afbreek. Dit is waarom jou keuses van vriende baie belangrik is.

3 Vriende is daar om jou by te staan deur moeilike tye, jou op te beur wanneer jy die dag voel dat jy watertenke agter jou oë het. Maar sien, vriende is ook daar vir wanneer jy borrel en goeie nuus met iemand wil deel. Vriende is spesiale mense wat altyd omgee, luister en help deur net daar te wees vir mekaar. Vriende laat jou op een of ander manier glimlag en as persoon goed voel!

4 Vriende soos hierdie se deure staan altyd oop vir mekaar. Dis waar die ongelooflike magtige wondermiddel wat bekend staan as e-pos, inkom. Sien, dit is so … Jy hoef nie elke dag met al jou vriende of vriendinne te praat nie, maar deur 'n grappie aan te stuur na iemand aan wie jy op daardie oomblik dink, beteken net soveel soos 'n oproep van jou vriende af.

5 Jy sal moet gaan sit en besluit wat in die lewe vir jou belangrik is. Ja, daar is 'n gesegde wat sê: "Life's a journey, enjoy the ride." Maar ongelukkig kan dit nie altyd so wees nie. Jy moet gaan sit en besluit wat jy met jou lewe wil doen, prioriteite moet bepaal word. Al hoe 'n mens hierdie keuse kan laat realiseer, is as jy die regte motiveringsmiddels rondom jou het – die regte vriende.



[Uit *Die Republikein*, 30 Julie 2008]

**Omkring die korrekte antwoord.**

1.1 Kies die beste titel vir die koerantberig.

A Kies jou familie reg – die lewe lê voor.
B Aan jou vriende word jy geken. Kies regte vriende.
C Vriende is nie so belangrik, so meng met enige persoon.
D Staan altyd op vir jou vriende. (1)

LIVEWORKSHEETS

1.2 Uit watter koerant is hierdie berig geneem?

A *Die Burger*
B *Die Republikein*
C *Life's a journey*
D *Republikein* (1)

1.3 Bestudeer die onderstaande uitdrukking in paragraaf 3 en kies die antwoord wat NIE daarby pas NIE.

"… watertenke agter jou oë het …"

A Baie gehuil
B Hartseer
C Trane hardloop uit jou oë
D Te veel water gedrink het (1)

1.4 Antwoord die onderstaande vraag in 'n volsin.
Wat bedoel die skrywer as hy sê: "Vriende kan jy kies, maar nie familie nie?"

________________________________________ (1)

1.5 Verkeerde vriende kan jou negatief beïnvloed. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord.

________________________________________

________________________________________ (2)

1.6 Volgens die leesstuk moet vriende sekere karaktertrekke hê? Noem EEN eienskap van 'n goeie vriend.

________________________________________ (1)

1.7 Haal EEN woord uit paragraaf 5 wat dieselfde beteken as:
'*voorrang geniet*'

________________________________________ (1)

1.8 Wat is die hoofgedagte van die tydskrifartikel?
Gebruik jou eie woorde.

________________________________________

________________________________________ (1)

1.9 Voltooi die onderstaande sin deur die ontbrekende woord in te vul.

Die enigste manier hoe 'n mens jou prioriteite agter mekaar kan kry, is as jy die regte ____________________ rondom jou het. (1)
**[10]**

LIVEWORKSHEETS

**VRAAG 2: ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Reik na jou droom:

**Met 'n bietjie hulp kan 'n (ryk aan glorie) toekoms meer as net 'n droom word.**



Sedert 2010 help ons om duisende jong atlete se dagdrome te verwesenlik deur ons borgskap van verskillende sportgeleenthede: FNB-Beroemde Botsings, FNB-Universiteitstrofee en FNB-Sokker Eerste. Sommige van hulle het dit selfs tot in hul provinsiale spanne gemaak.

Só help ons om drome gestalte te gee ...

Vra jouself nou af, hoe kan ons jou vandag help?

**FNB**

***Hoe kan ons jóú help?***

2.1 Watter finansiële instelling word in die advertensie bemark?

________________________________________ (1)

2.2 Wat beloof hierdie advertensie ons?

________________________________________ (1)

LIVEWORKSHEETS

2.3 Omkring die letter van die korrekte antwoord:

Wie sal die meeste van die aanbod gebruik maak?

A Jongmense wie nie wil werk nie.
B Jongmense met geen ideale.
C Jongmense met lewensdrome.
D Jongmense wie alreeds hul drome bewaarheid het. (1)

2.4 Indien jy gebruik sou maak van bogenoemde aanbod, waarmee sal hierdie finansiële instansie jou kan help?

_______________________________________________ (1)

2.5 Van watter tipe beeldspraak word in die onderstaande sin gebruik gemaak?

Die sterre wink en jou toekoms blink.

_______________________________________________ (1)
[5]

LIVEWORKSHEETS